# BRITSE EILANDE AVONTUUR

## 3 - 17 Augustus 2027

Kom saam op ons 15-dae avontuur deur *Engeland, Skotland* en *Noord-Ierland* teen die spesiale groepstarief van **R72 990** per persoon. Verskeie hoogtepunte, soos die jaarlikse *Edenburg Taptoe-skouspel* en 'n *Seven Valley Steam-treinrit* is ingesluit.

**Reisplan**

**Dag 1: Dinsdag, 3 Augustus** **KAAPSTAD / JOHANNESBURG →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vanmiddag vanaf Kaapstad en Johannesburg na Londen. Oornag aanboord na aandete.

**Dag 2: Woensdag, 4 Augustus** **→ LONDEN**
Ons arriveer vroegoggend in **Londen.** Aangesien dit nog te vroeg is om by ons hotel in te bespreek, ry ons na *Covent Garden*, in die hartjie van die stad, waar ons tyd het om die omgewing te verken. Ons stap na Trafalgar Square om onder andere *Suid-Afrika Huis* en die reuse *National Gallery* te sien.
Vroegmiddag vertrek ons bus na die ***Britannia Hampstead Hotel***, waar ons die volgende twee nagte oorbly. Ons het vanmiddag tyd om die *Camden Market* (net 'n entjie se stap vanaf ons hotel) te verken. Die *Camden Market* is een van Londen se gewildste besoekpunte, met meer as 10 miljoen besoekers per jaar! Die naaste moltreinstasie aan die hotel is die *Chalk Farm underground station*. Aandete om 19:00 in ons hotel.




**Sien Londen se bakens vanuit die *London Eye***




**♫ Kom saam na die unieke *ABBA ARENA* ♫**

**Dag 3: Donderdag, 5 Augustus** **LONDEN**
Na ontbyt vertrek ons met 'n plaaslike toergids op 'n besigtigingstoer van hierdie indrukwekkende stad. Hou jou kamera gereed vir die Buckingham Paleis, *Westminster Abbey* en die parlementsgebou, *Tower of London*, St Paul's Katedraal en so meer. Vanmiddag sien ons die stad vanuit die *London Eye* (toegangsgelde ingesluit) en daarna het ons vrye tyd om die stad verder te verken. Aandete om 17:30 in ons hotel.
♫ Vanaand is daar 'n opsionele *ABBA VOYAGE SKOUSPEL* in die ABBA ARENA. Kaartjies is beskikbaar teen R1 480. Retoer-busvervoer vanaf ons hotel na die ABBA ARENA is ingesluit vir ons toerlede.



**Standbeeld van *William Webb Ellis* voor die skool waar rugby ontstaan het**



**Leer ken *William Shakespeare* beter in die rustige *Stratford upon Avon***

**Dag 4: Vrydag, 6 Augustus** **LONDEN → STRATFORD UPON AVON → RUGBY → BIRMINGHAM**

Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons sak en pak om Engeland te verken! Ons stop by die genoeglike Tudor-dorp **Stratford upon Avon**, waar ons onder andere Shakespeare se geboortehuis besoek (toegangsgelde ingesluit). Daarna het ons vrye tyd om die dorp te voet te verken en te geniet.

Ons reis verder noordwaarts na die dorp **Rugby**, waar die sportsoort ontstaan het. Ons besoek die skool waar William Webb Ellis die sport help uitvind het. Daar is ook 'n klein museum wat ons kan besoek.
Laatmiddag arriveer ons naby **Birmingham**, waar ons die volgende drie nagte oorbly in die netjiese ***Bromsgrove Hotel & Spa***. Die hotel (met 'n binneshuise swembad) is geleë in die hartjie van die Engelse platteland.
Aandete om 19:00.

**Dag 5: Saterdag, 7 Augustus** **SEVEN VALLEY STEAM RAILWAY → SHREWSBURY**

Na ontbyt vertrek ons na die Kidderminster-stasie vir ons treinrit met die outentieke ***Seven Valley Steam Railway*** na die antieke dorp Bridgenorth (kostes ingesluit). *Step back in time on an award-winning historical adventure to the golden age of steam. Fill your senses with the sights, sounds, aromas and sensations of heritage rail travel.*
Vandaar reis ons per bus verder na **Shrewsbury**, geleë teenaan die Severn-rivier, waar ons tyd het vir 'n opsionele middagete en verkenning van die dorp. *Shrewsbury's beautiful Tudor centre is lined with half-timbered houses…* Moenie die *Enchanting Garden* in die park misloop nie.
Teen ongeveer 16:00 keer ons terug na ons hotel vir aandete.



So ry die *Seven Valley Steam Railway* trein…



Die prentjiemooi *Cotswolds* in Engeland

**Dag 6: Sondag, 8 Augustus** **COTSWOLDS: STOW-ON-THE-WOLD & BOURTON-ON-THE-WATER → COVENTRY**

Na ontbyt besoek ons die bekende Cotswolds. Ons stop by **Stow-on-the-Wold,** die hoogste dorp in die Cotswolds (224m) in Gloucestershire. Verken die groot markplein met sy prentjiemooi geboue rondom. Daarna besoek ons **Bourton-on-the-Water**, geleë langs die Windrush-rivier en bekend vir sy kenmerkende lae brûe en tradisionele steen-huise.
Ons het 'n ook tyd vir 'n kort besoek aan die Coventry Katedraal in die stad **Coventry**. Sien die oorblyfsels van die oorspronklike katedraal wat op 14 November 1940 deur Duitse bomwerpers vernietig is. Nie ver geleë vanaf die Katedraal nie, is die standbeeld van *Lady Godiva*. Sy het bekendheid verwerf nadat sy in die elfde eeu naak te perd deur Coventry gery het om te protesteer teen onbillike belastingpraktyke.
Laatmiddag vertrek ons terug na die *Bromsgrovel Hotel* vir aandete.

**Dag 7: Maandag, 9 Augustus** **BIRMINGHAM → LAKE DISTRICT → WINDERMERE → BELFAST**

Vanoggend vertrek ons om 08:00 verder noordwaarts deur Engeland na die mooie ***Lake District***, beskou as Engeland se mooiste nasionale park. Ons besoek die mooie **Windermere** (met vrye tyd).

Vroegmiddag vertrek ons veerbootvaart oor die *Irish Sea* na Noord-Ierland. In **Belfast** reis ons van die hawe deur die stad na ons hotel. Ons bly die volgende drie aande (met aandetes ingesluit) oor in die netjiese ***Ibis Belfast City Center Hotel***, geleë in die hartjie van die stad.

**Dag 8: Dinsdag, 10 Augustus** **BELFAST → TITANIC EXPRERIENCE**

Ons ontmoet om 09:00 ons plaaslike toergids en vertrek per bus op ons toer van die hoogtepunte van Belfast.

> *Iconic landmarks include the Waterfont Hall, Belfast's many bridges, the Big Fish, SS Nomadic, Lagan Weir and locks, Custom House Square, Belfast cranes Samson and Goliath and HMS Caroline.*

Vanmiddag besoek ons die **Titanic Belfast** vir 'n besondere ***Titanic Experience*** (toegangsfooie ingesluit).

> *Located beside the Titanic Slipways, the Harland & Wolff Drawing Offices and Hamilton Graving Dock – the very place where Titanic was designed, built and launched, Titanic Belfast tells the story of Titanic from her conception, through her construction and launch, to her maiden voyage and subsequent place in history.*

Daar sal ook kans wees om die *Glass of Thrones* (na aanleiding van die treffer-reeks *Game of Thrones*) op die promena-de te sien.






Die *Titanic Belfast* — *Giant's Causeway* in Noord-Ierland

**Dag 9: Woensdag, 11 Augustus** **ANTRIM COAST → GIANT'S CAUSEWAY**
Ons vertrek per bus vir een van die hoogtepunte van ons toer! Ons reis na die verre noordelike **Antrim-kus** en besoek die imposante ***Giant's Causeway*** (toegangsgelde ingesluit).

> *The north coast of Antrim from Ballycastle west to Portrush is known as the Causeway Coast, one of the most impressively scenic stretches of coastline in all of Ireland. Its grand geological centrepiece is the spectacular rock formation known as the Giant's Causeway, a Unesco World Heritage site.*

**Dag 10: Donderdag, 12 Augustus** **BELFAST → CAIRNRYAN → GLASGOW**
Na ontbyt moet ons Noord-Ierland groet. Ons gaan aanboord ons veerbootvaart van twee en 'n half uur oor die *Irish Sea* na Cairnryan in Skotland. Ons ry met 'n pragtige kuspad na Glasgow, waar vanjaar se Statebondspele pas afgeloop het op 2 Augustus. Ons bly die volgende vier nagte oor in die ***Leonardo Inn Hotel Glasgow***, geleë in die hartjie van die stad.

**Dag 11: Vrydag, 13 Augustus** **HELIX PARK → STIRLING → FALKIRK**
Vanoggend vertrek ons na die **Helix Park**, om die besondere Kelpies-beelde (wat 30 meter hoog is) te sien. Daarna besoek ons **Stirling**, met sy middeleeuse ou stad, geleë in sentrale Skotland. Stirling was voorheen die hoofstad van Skotland en word visueel gedomineer deur sy indrukwekkende Kasteel (toegangsgelde ingesluit). Daar sal ook tyd wees om Stirling verder te verken. Vanmiddag beleef ons n baie besondere rit op die **Falkirk Wheel** (toegangsgelde ingesluit).






Ons ry op Skotland se *Falkirk Wheel* — Die Kelpies-beelde in *Helix Park*

**Dag 12: Saterdag, 14 Augustus** **EDENBURG & TAPTOE**
Na ontbyt het ons die oggend vry. Ons ontvang kospakkies vir middagete, sodat ons om 11:00 kan vertrek na **Edenburg**. Skotland se mooi en statige hoofstad is vol van geskiedenis, parke en historiese geboue, met die Edenburg Kasteel beslis 'n hoogtepunt. Ons het 'n stadstoer met 'n plaaslike toergids na die hoogtepunte van die stad en daarna tyd om verdere verkenning op ons eie te doen.
♫ Ons beleef in die strate ook iets van die opwinding van die jaarlikse ***Edinburgh International Festival.*** Dit is die grootste kunstefees in die wêreld (met meer as 3 500 vertonings!) en word jaarliks aangebied sedert 1947.
♫ 'n Toegangskaartjie vir die jaarlikse ***Royal Edinburgh Military Tattoo*** is ingesluit**.** Die skouspel begin om 21:00, duur 90 minute en is elke aand dieselfde. Dit word afgesluit met 'n skouspelagtige vuurwerkvertoning.

**Dag 13: Sondag, 15 Augustus** **GLASGOW → LOCH LOMOND**
Na ontbyt het ons 'n paar ure vrye tyd totdat ons interessante stadstoer van die stad, saam met ons plaaslike toergids, begin. Besoek onder andere die Glasgow Katedraal, wat dateer uit die dertiende eeu, en die imponerende *City Chambers in George Square*.
Vanmiddag vertrek ons na **Loch Lomond** (die Britse Eilande se grootste meer), vir ons bootvaart op die meer (toegangsgelde ingesluit).



Die *Stirling-kasteel* in Skotland



♫ Beleef die *Royal Edinburgh Military Tattoo* skouspel! ♫

**<u>Dag 14: Maandag, 16 Augustus</u>** **GLASGOW →**

Na ontbyt het ons 'n laaste paar ure in die mooie Skotland! Dit is tyd om die *Britse Eilande* te groet en ons vertrek per bus na die Glasgow-lughawe vir ons terugvlug na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

**<u>Dag 15: Dinsdag, 17 Augustus</u>** **→ JOHANNESBURG / KAAPSTAD**

Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n onvergeetlike avontuur deur die *Britse Eilande* land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte (met lughawebelastings en brandstofheffings) in ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg. Daar is 'n addisionele vlugkoste van R1 850 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Luukse busvervoer met bekwame bus-operateurs vir dertien dae.
- ✓ Retoer luukse veerbootrit na Noord-Ierland.
- ✓ Verblyf vir twaalf nagte in vier uitgesoekte hotelle (soos in die reisplan aangedui).
- ✓ Ontbyt en aandete elke dag.
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Toegangsgelde vir die volgende: *London Eye, Shakespeare's House, Severn Valley Steam Railway, Titanic Experience, Giant's Causeway, Falkirk Wheel, Loch Lomond Cruise and Stirling Castle,*
- ✓ Toegangskaartjie vir die *Edenburg Taptoe* in Edenburg op 14 Augustus 2027.
- ✓ Stadstoere met plaaslike toergidse in Londen, Edenburg, Glasgow en Belfast.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die voorlopige toerkoste van **R72 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Maart 2026. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van £1 = R22 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Britse visumkoste van ongeveer **R2 900** is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met die stawende toer-dokumente vir die visum-aansoek.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang beloop **R11 890**.
- Billike en omvattende groeps-reisversekering van ***Santam*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 70 jaar teen **R530** vir die vyftien dae (vir diegene ouer as 69 jaar is daar 'n hoër tarief).
- Kaartjies vir die *ABBA VOYAGE SKOUSPEL* in die ABBA ARENA op 5 Augustus 2027 is beskikbaar teen R1 480.
- Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- Ten minste 34 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R7 500** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 30 April 2027** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: **BRT27/en u van**
Kontak die toerleier, ***Gerhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995

WINNER MEDIUM BRITISH TRAVEL AWARDS 2025 BEST COMPANY FOR UK COACH/TOURING HOLIDAYS